

F. P. SCOTT - TRUST



'n Versameling van twee en twintig skilderye en twee beeldhouwerke wat aan wyle professor F.P. Scott behoort het, is deur sy weduwe, mev Dora Scott, in die F.P. Scott-Skilderytrust geplaas. Hierdie kunswerke sal deur die Trust bewaar word tot tyd en wyl 'n Kunsmuseum in Bloemfontein gestig word, of aan die Nasionale Museum, indien laasgenoemde 'n geskikte permanente lokaal vir die aanbied van kunsuitstallings bekom. Dié kunswerke is almal gemaak deur lede van die Bloemfontein Groep.

Die Groep het in die vyftigerjare saam uitstallings gehou en het aanvanklik twaalf lede gehad. Twee van die lede, naamlik Neville en Fayettea Varney, is intussen oorlede.

Gedurende April vanjaar is 'n reünie-uitstalling van die Bloemfontein Groep in die Museum aangebied. By dié geleentheid is werke wat in die Trust opgeneem is, ook uitgestal. Drie van die nog lewende lede van die Groep, te wete Marianne Podlashuc, Reneé le Roux en Arthur Cantrell, kon nie teenwoordig wees nie. Die ander sewe lede verskyn op die meegaande foto wat by die opening van die uitstalling geneem is.

Die amptelike opening is waargeneem deur dr. Z. Engelbrecht, Direkteur van Kultuursake van die Departement Nasionale Opvoeding.

Bo: Die Bloemfontein Groep in die Kunssaal van die Nasionale Museum tydens die opening van die uitstalling. V.l.n.r.: Alexander Podlashuc, Eben van der Merwe, Iris Ampenberger, Walter Westbrook, Mike Edwards, Stefan Ampenberger en Vader Frans Claerhout.

FRONT COVER

Audrey van Eeden's impression of the Watchmaker's Shop in the Historical Street Scene in the National Museum. The display will be officially opened on 7 November 1978 by the Minister of National Education. For further particulars, see page 10.

Hierdie ses-maandelikse Nuusbrieff word GRATIS aan belangstellendes gestuur. Indien u sou belangstel om dit gereeld te ontvang, hoef u slegs u naam en volledige posadres te stuur aan:

Die Redakteur
 Nasionale Museum Nuus
 Posbus 266
 9300 Bloemfontein.

Kommentaar oor die inhoud is altyd baie welkom en kan ook aan bogenoemde gerig word. Enige inligting en foto's kan uit die Nuusbrieff oorgeneem word met erkenning van die bron.

This bi-annual Newsletter is sent FREE OF CHARGE to all interested persons. If you would like to receive it regularly, please send your name and postal address to the following:

The Editor
 National Museum News
 P O Box 266
 9300 Bloemfontein.

Comments on the contents of the Newsletter will be welcomed and can also be directed to the Editor. Any information as well as photographs may be reprinted with acknowledgement of the source.

PERSONEELNUUS



Cobus Dreyer (op die foto links), die Museum se Argeoloog, het onlangs sy tweede besoek aan Israel gebring. Die eerste besoek was in 1975, toe hy as lid van 'n span argeoloë deelgeneem het aan opgrawings by Meiron in die noorde van die land. Die tweede besoek was meer bepaald om saam met argeoloë van die Hebreeuse Universiteit opgrawings te doen in 'n deel van Jerusalem wat bekend staan as "Die Stad van Dawid". Die toerprogram het ook ander belangrike argeologiese terreine in Israel ingesluit, naamlik Masada en Hasor, asook die Golan-hoogland en plekke met oorblyfsels wat dateer uit die tyd van die Romeine en Kruisvaarders. Met sy terugkeer is kort besoeke gebring aan Athene, Knossos en Kreta in Griekeland.

'n Nuwe aanwinst op die personeel is Mev Louise Coetzee, wat haar B.Sc. aan die Universiteit van Pretoria verwerf het. Sy is deelyds tegniese assistent in die Afdeling Akarologie.